AANKONDIGINGE

7 OKTOBER 2018

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars: Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Ds. J Viljoen
☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Franci Gresse	☎ 082 891 2384
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
09:00	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
09:30	**BIDDAG VIR BEJAARDES** **EREDIENS – DOOP** Slegs deurkollekte ten bate van gemeente se eie fondse Erediensspan – 3 Johan Norman	Ds. Hannes Burger
Geen	Kinderkerk en jnr kategese	
Geen	Informele Aanddiens/Kruiskompas	
Geen	Senior kategese (gr. 7 tot 10) Belydenisklas (gr.11)	

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
ONS BID VIR ONS ONDERWYSERS

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Job 23:1-9, 16-17; Ps 22:1-15; Heb 4:12-16; Mark 10:17-31

MAANDAG, 8 OKTOBER
DINSDAG, 9 OKTOBER
SKOLE HEROPEN 09:30 Senior Burgers – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 19:00 Kooroefening – in kerk
WOENSDAG, 10 OKTOBER
09:30 Vrouelidmate – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 09:30 Othello – Bybelstudiebyeenkoms in die kroeg by Desdemonia 09:30 Bottelary Dames – Bybelstudiebyeenkoms by Anna van Wyk, Voëlvry
DONDERDAG, 11 OKTOBER
09:30 Dienssentrum vir Seniors – Byeenkoms by Moedergemeente – Week van ouer persone Sopkombuis: Hermien de Kock, Sybil Smit, Elmari Schwenke-van der Walt, Mariana van Schalkwyk, Anita le Roux en Marietjie Mostert 19:00 Gemeentebediening kommissie en blokleiers vergader in konsistorie
VRYDAG, 12 OKTOBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 13 OKTOBER
SONDAG, 14 OKTOBER
EEN-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD 09:00 Oggenddiens Deuroffer:RCA (Indiërsending) Erediensspan 1 – Chris van Niekerk 09:00 Kinderkerk en jnr kategese in konsistorie 18:00 Informele aanddiens/Kruiskompas Geleentheid vir Skoolverlaters Bankkollekte 19: 00 Snr kategese en belydenisklas

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

07/10 Luandi Engelbrecht, Margaret Valentine, Marina Stemmet, Ronelda Visser, Christie Myburgh, Fafa Kotze, Botha Vorster
08/10 Attie van Wyk, Flip Hugo, Bianca Venter, Juna van der Merwe, Dolan Goslett, Wihan van Schalkwyk, Nadia Wessels, Elna Bosman
09/10 Antoinette Herselman, Anke Basson, Pieter Albertyn
10/10 Johan en Louise Bezuidenhout, William Robertson, Carlien van der Merwe, Sindie Nell, Anchün van Wyk, Mieke Carstens
11/10 Renda Gobregts, Zanika de Mon, Amor Neethling, Heidi Nel, Lucian van Huyssteen, Rosslyn Abrahams
12/10 Leon Fourie, Shané Neuhoff, Pieter Beetz
13/10 Drieka Engelbrecht

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Ek weet dat ek Iemand naby my het op wie ek, sonder voorbehoud, my vertroue kan plaas en dit gee wat my rus en krag.

Edith Stein (1891 – 1942 te Auschwitz)

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Lejanke Viljoen, dogtertjie van Willem en Jannike, word vanoggend gedoop. Die grootouers is George en Cathy Fullard en Jurie en Lemvia Viljoen.
2. Elena Visser (Jan Kriel skoolgronde) het ‘n handoperasie ondergaan en sterk tuis aan.
3. Hyla Harmse (Othello) het ‘n knie-operasie ondergaan.
4. Ria Kellerman (Othello) het mediese toetse ondergaan.
5. Esther van Eeden (Bosmanstraat 44) het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
6. Uschi Warner (Swaweltjiestraat 18) is steeds in die hospitaal.
7. Suzie Engelbrecht (Othello) is in die hospitaal.
8. Charles Wolfaardt (Othello) is in die hospitaal.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom.
5. Johanna Saayman is vanoggend ons orrelis.
6. ONTHOU !! Die erediens begin vanaf volgende Sondag om 09:00. Die aanddiens se tyd bly onveranderd.
7. Ds. Chris Barnardo is die naweek af.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week 3 stukkies verkoop en die totaal is nou 268 van 2000.

HUIS DE KUILEN

Huis de Kuilen se basaar vind vanjaar plaas op Saterdag 27 Oktober.

Oudergewoonte is ons weer verantwoordelik vir die grootkoek-tafel. Lidmate wat koeke wil skenk of ‘n finansiële bydrae wil maak, kan skakel met Daphne Jordaan (082 828 1252) of die kerkkantoor (021 903 3818).

DE EIKE KOSKAS

Daar is tans ‘n dringende behoefte aan die volgende produkte:

- blikkies groente
- blikkies vleis / vis

Bydraes kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word.

KUILSRIVIER RIVER CHALLENGE 2018

Kuilsrivier Jeugtrust is ‘n NPO wat jaarliks die River Challenge fondsinsameling by Jan Krielskool hou om geld in te samel vir die uitsluitlike doel om ‘n maatskaplike werker in elke skool in Kuilsrivier te plaas om so hoop vir ons jongmense te bring.

Vanjaar vind dit plaas op Saterdag 20 Oktober in die vorm van ‘n nat en modderige hindernisbaan en ‘n gholf toernooi.

Vir meer inligting en inskrywings gaan na die Kuilsrivier Jeugtrust se Facebook blad en volg die URL na die aanlyn inskrywingsvorm.

UIT DIE BEEK 2019

Bestellings kan nou geplaas word vir **UIT DIE BEEK 2019**. Die prys is R185 per boek, maar kan verminder indien ons bestelling groot genoeg is.

Plaas jou bestelling by die kerkkantoor. Betaling sal eers later geskied.

Sperdatum vir bestellings is Maandag 15 Oktober 2018.

KLEREBANK

De Eike se klerebank was oor die afgelope paar jaar, danksy die ruim skenkings van lidmate, in staat om uit te reik na verskeie gemeenskappe en individue in nood.

Ons gee gereeld skenkings van klere, beddegoed, ens. aan Green Park, Kayamandi, Nuwerus, Badisa en ook die inwoners van Huis de Kuilen.

Tans is daar ‘n **groot gehoefte aan alle tipes klere (mans, vroue en kinder) sowel as beddegoed, handdoeke, ens**. Lidmate is welkom om enige skenkings by die kerkkantoor af te gee.

PREEKSKETS 7 OKTOBER 2018

PREDIKER: DS. HANNES BURGER

TEMA : GOD OPENBAAR HOMSELF IN JESUS

SKRIFLESING: HEB 1:1 - 4

Loflied – Lied 159:1 - 3
Skuldbelydenis – Lied 276:1 - 2
Doop – Lied 289:1
Uitstuurlied – Lied 308: 1 & 5

God praat dikwels en op baie verskillende maniere met ons.

- Deur aangename en slegte dinge.
- Ons noem dit die algemene openbaring.
- Maar dis natuurlik nie al manier waarop God met ons praat nie.
- Die besondere openbaring: die Woord en die sakramente.

1. **God se openbaring in die ou bedeling**
   - Van die begin leer ons God ken as Een wat kommunikeer.
   - God breek telkens die stilte, veral by monde van die profete.
   - Maar die tragiek is dat God se kinders Hom meestal nie gehoor het nie.
   - Daar was geen verskoning voor nie. Maar die kommunikasie het afgebreek.

2. **Die Seun as God se openbaring**
   - En toe breek God se nuwe bedeling aan.
   - Nou, in Jesus, het God Homself openbaar soos nog nooit nie.
   - Nou praat God duideliker as ooit: *"Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God"* (v.3).
   - Reeds by sy geboorte leer ons van 'n groot en onpeilbare liefde.

3. **Maar wat sê dit vir óns?**
   - Toe het God selfs verder gegaan, om seker te maak jy hoor Hom.
   - Op Pinksterdag gee Hy sy Gees binne-in jou. Nou praat Hy duideliker as ooit.
   - En wat hoor jy? Die skokkende is dat meeste Christene kla hulle hoor God nie.
   - Hoe kan dit wees? Lê die fout dalk by God?
   - Wat sê ons gewoonlik vir huwelikspaartjies wat mekaar nie meer hoor nie?
   - Maak tyd. Bly stil. En leer weer luister...
   - God praat vanoggend met jou deur die doop...

DOOPFORMULIER